Geliefde Lourensrivierder

Gedoriewaar, dis die derde kwartaal! Dit voel of ek jare laas met jou gesels het😊 Ek glo die skoolvakansie het darem 'n blaaskansie gebied♫

Vir die nuwe kwartaal op hande, wil ek graag iets net jou deel wat een van my vriendinne vir my aangestuur het:
"Ek gaan vandag vir julle 'n halwe storie vertel, want hulle sê mos 'n goeie begryper het net 'n halwe begrip nodig...
Oppad na die swembad by die oord waarsku die ouers die drie kinders oor die gevare in en rondom die swembad. Terwyl die pa en twee van die kinders in die swembad is, gly die 3 jarige wat op die kant staan en val in die swembad. Haar kop was net vir 'n kort gedeelte van 'n sekonde onder water voordat haar pa haar opgelig het uit die water. Sy het dadelik geskree en gesê, het ek verdink, het ek verdink?! Vir haar was dit vreesaanjaend want sy het gedink sy sterf. Vir haar pa was dit eintlik snaaks want hy het heeltyd geweet sy is veilig, want hy het nooit sy oog van haar afgehaal nie."

Mag julle ook ervaar dat ons hemelse Pappa NOOIT Sy oog van jou afhaal nie... 24/7, 7 dae 'n week, 356 dae 'n jaar♫♫

NUUSKRUMMELS: 11 Julie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

BELOFTELAND, DINAMIET KIEDZ & LIFELINE
Volgende byeenkomste begin: Sondag, 14 Julie♫

BELANGRIK: Aangesien Ds Petrie nou op sy eie is en nie orals kan uitkom nie vra ons dat elkeen wat graag 'n besoek wil hê asseblief die kerkkantoor kontak (021 853 5991). Hou ons asseblief ook op hoogte van mense wat siek is of in die hospitaal is vir wie hy moet besoek. Jy is ook welkom om vir hom 'n epos te stuur by petrie@lourensrivier.co.za of na admin@lourensrivier.co.za

SONDAGDIENS, 14 JULIE:

Ds Willem Botes en die uitreikspan wat gedurende die skoolvakansie werk gedoen het by Sinethemba (Transkei) kom vertel en getuig van die geseënde tyd wat hul daar beleef het.

WOEKERHOEKIE:

Tans te koop:
Gevriesde Hoenderpasteie @ R75
Gevriesde klein quiche pasteitjies (9 pakke van 6) @ R40 elk
(Dit kan vinnig in mikrogolf opgewarm word soos nodig)
Twee soorte:
~ Uie & ham met kaas
~ Roomgroente met kaas

Anna se heerlike Marmelade @ R35
Canola & Olyfolie @ R85 OF gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R45/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)

Droëvrugte @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne & Gemeng

NUUS UIT DIE KERK OMGEWING:

Word jy geraak deur egskeiding, enkelouerskap of die verlies van 'n familielid of vriend aan die dood?

Moenie hierdie pynlike pad alleen loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun. Ons volgende 13-weke program in DivorceCare, DivorceCare4Kids, Single&Parenting en GriefShare begin op Donderdag, 18 Julie 2019 om 17:30-20:00. Dit is internasionaal erkende en inter-kerklike programme gegrond op Bybelse waardes om julle gesin te help met veranderinge in die familie struktuur. Die programme is oop vir enigeen in die Helderberg area. HARMONY is 'n projek van Helderberg Uitreik. Ons gee verdere ondersteuning en help jou weer hoop kry vir die toekoms. Hier vind jy restorasie en ontmoet jy mense wat besig is met dieselfde lewensreis.

Waar: NG Helderberg, Firmountweg 82

Kontak: Annette Botha (projekleier) 072 189 9360 of 021-8515582 of harmonyhelderberg@gmail.com

Harmony:Relationships restored & reconnected
'n Projek van Helderberg Uitreik (032-078-NPO)
Tel 021 8515582

Skakels:
http://www.nghelder.co.za/index.php/19-helderberg-uitreik/248-harmony-projek-relationships-restored-reconnected-2
https://www.facebook.com/RelationshipsRestoredinHarmony_OF_fb.me/RelationshipsRestoredinHarmony

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ACVV
www.acvv.org.za

ACVV STRAND benodig nuwe of 2de handse boeke in 'n goeie toestand vir die jaarlikse boekverkoping by Somerset Mall. Ons wil 'n beroep doen op die publiek om ons asseblief te ondersteun aangesien ons van donasies en fondsinsamelings afhanklik is om voort te bestaan. Alle skenkings kan by ons kantoor te De Villiersstraat 15, Strand afgegee word of u kan Jackie Dippenaar kontak by (021) 854-7215 om dit aft e haal. Enige bydrae sal baie waardeer word.

FATHERS ARMS KOMBERSE BRING WARMTE EN WAARHEID

In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom. Die Woord bring Lewe! Die opdrag was eenvoudig. Francois Kruger, besigheidsman in Durbanville, en gemeentelid by Die Bron, moes hoë kwaliteit komberse met die Woord van God ingeweef, laat vervaardig en dit versprei. So het hy tydens gebed in 'n selgroep beleef, en Fathers Arms (NPO) het in 2018 tot stand gekom.

Ons hart is dat ons vir die wat hoop nodig het, ryk of arm, sal laat voel soos God hulle sien: Koningskinders, geliefd, veilig onder Pappa se vlerk. Pragtige getuienisse het reeds ingestroom.

Fathers Arms vertrou om befondsing aan die een kant te ontvang en dan komberse aan die anderkant uit te deel en verskeie bedienings en organisasies het al betrokke geraak. Sommiges het geld geskenk sodat ons komberse kon saai waar daar nood was. Ander het self die komberse uitgedeel en mense daarmee bedien. Vir elke kombers wat geborg of verkoop word, word 10% weer teruggeploeg in 'n noodfonds, wat vir rampe ingespan word.

Ons nooi enige iemand wat wil saai, komberse wil koop, of betrokke wil raak, om die Woord op hierdie manier te verprei, om Fathers Arms te kontak by info@fathersarms.org of vir Francois by 082 3775740. Besoek ons asseblief by: www.fathersarms.org

VICTORY ELITE ACADEMY
EST. 2019

Victory Elite Academy provides a high quality tutoring service. Our support system enables one on one attention in areas your child needs most.

We understand that every student comes with individual needs therefor our students benefit from the flexibility of learning according to their own style.

We promote intellectual, social and personal development to create success within each student's academic and life skills.

55 Jennings Street, Strand

Call 067 821 0449

Email: info@victorytutorcentre.co.za

Visit our website:
www.victorytutorcentre.co.za

APPLY TODAY!

BERG 80 VERJAARSDAE:

BERG 80 VERJ: JULIE 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Mocke	Engela	07/07	86
Oberholzer	Dora	07/12	95
Van Heerden	Mime	07/13	89
Luyt	Hester	07/14	82
De Villiers	Ria	07/17	94
Kriegler	Joël	07/20	83
Van Wyk	Ben	07/23	81
Du Toit	Jan	07/28	88

Seënwense

KNIEWERK:

- Paul Louw (kankerbehandeling)
- Christie van der Merwe herstel na beroerte
- Helene Fourie se ma herstel na operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SO., 14 JULIE SE BOODSKAP: AMOS 7:7-17 (VYFDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Die basiese inset wat Amos lewer is dat die dien van die Here die doen van geregtigheid teenoor die medemens insluit. Daarvan mag ons nooit wegskram nie. Ons moet as gemeente mekaar help om waarheid en geregtigheid te dien.

God se Woord en die evangelie is die skietlood vir al ons denke, praat, onderrig en lewe.

2 Tim 3:16-17 ~ Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

'n Skietlood, of paslood is 'n boukundige instrument wat gebruik word om die vertikaal te bepaal. Dit bestaan gewoonlik uit 'n tou met 'n kegelvormige loodgewiggie wat aan sy onderpunt hang. Die tou wys dus regaf na onder toe, en kan gebruik word om te bepaal hoe regop 'n voorwerp, soos 'n muur of 'n paal, staan. In hierdie rol word die skietlood ook bygestaan deur die waterpas. Terwyl die skietlood die vertikaal aandui, dui 'n waterpas die horisontale oppervlak aan, wat loodreg aan die vertikaal lê.

Mag ons onsself gedurig aan die Woord bly toets om te kyk of ons regop is vir God.

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE